



Ons vermeerder God se vreugde!

Nuusbrief van Agter-Paarl Geloofsgemeenskap

Geskryf deur Johannes Nortier

16 September 2021

Gedagte vir die week:

As die boodskap ongemaklik is, moenie die boodskapper gebruik as 'n verskoning nie.

Vertrekpunt:

Matteus 13:53-58

Meditasie uit die Woord:

Die beste verskoning om nie na 'n ongemaklike boodskap te luister nie, is gewoonlik om die boodskapper te diskrediteer. Jy verwys net na sy/haar ouderdom, geslag, velkleur, politieke affiliasie, familie, geleerdheid of gebrek daaraan, status, beroep en vele ander eienskappe en siedaar, skielik is jy vry van die boodskap en kan jy aangaan soos voorheen. Dit is 'n vuil truuk, maar die goedkoopste een op die mark. Dit is presies wat met Jesus gebeur in ons teks ... sy familie se stories skree sy stem dood! Sy pa se werk, sy ma se bedenklike swangerskap en sy broers en susters, wat hulle stories ook al mag gewees het, praat net té hard in die mense van Nasaret se ore. En so word Jesus en sy boodskap weggejaag. Na 2000 jaar weet ons mos wie die grootste verloorders in hierdie gebeure was – lees maar die geskiedenis van Nasaret en Jerusalem! Laat dit vir ons almal 'n les wees. Die boodskapper mag nooit belangriker wees as die boodskap nie. Ons moet pasop dat ons nie té veel kyk na die boodskapper en té min luister na die boodskap nie! “Het ons maar nét vroeër geluister!”, dit is die hartseer verwyf van die groot verloorders, “het ons maar net vroeër geluister!”. En nou is ek skielik te bang om na voorbeelde te verwys, maar ek dink jy is slim genoeg ... of hoe?

Reisgesprek en Youtube-skakel:

Ons sal op Sondagoggend 19 September 2021 om 09:30 'n volledige reisgesprek in die kerkgebou hê. Ons mag **250** mense ontvang. Jy is welkom om dit by te woon met al jou persoonlike COVID-19 protokolle in plek. Jy kan ook aan 'n digitale weergawe van hierdie reisgesprek deelneem by https://youtu.be/Vmq_Od14zbo

Meditasie uit die Lewe:

Die pa van 'n down-sindroom dogter het verlede Saterdag, tydens RSG se Brêkfis met Derrich, deelgeneem aan die Vat Vyf musiekkeuse. Hy vertel toe dat hy wonder wie en wat is normaal, want wanneer mense sy dogter ontmoet, praat hulle skielik sagter en mooier en vriendeliker. Hulle word as't ware beelde van God, soos wat God bedoel het dat ons moet wees. In ander woorde, hulle word in haar teenwoordigheid, “normaal”! So hy wonder maar net ... is sy nie dalk normaal en ons ander abnormaal nie. Ons is dalk nie liggaamlik gestremd nie, maar agv die sonde, is ons dalk lewensgestremd. In haar teenwoordigheid verloor ons, ons lewensgestremdheid! Hy sluit toe af deur te verwys na Fanus Rautenbach wat na Down-Sindroom mense verwys het as “hemelkinders”! Dit het my laat dink en my weer bewus gemaak van my eie lewensgestremdheid! Dit is 'n goeie bewustheid, dit help my.

Aantekening:

'n Mens hoef nie altyd met almal en alles saam te stem nie. Ek nooi jou om saam met my die gawe van nederige en respekvolle gesprek te ontdek.

As jy hierdie epos foutiewelik ontvang of dit nie meer wil ontvang nie, stuur net 'n epos wat lui “kanselleer nuusbrief” na ngkagterpaarl@telkomsa.net of nortierjohannes6@gmail.com